




11 MEI 2025

TORINGKERK NUUS

OGGEND EREDIENS | GOEIE HERDER SONDAG | JOH 10: 22-30



“Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal tot in ewigheid nooit verlore gaan nie, en niemand sal hulle uit my hand ruk nie”

MOEDERSDAG

O Here, ons bid vandag vir alle moeders, ma's, oumas en moedersfigure. Ons vier saam met hulle al hul kinders en kleinkinders: biologies, aangeneem of geestelik. Ons dank U vir wat hulle doen en vir hulle omgee - hulle is soos sout in ons lewens. Hulle bring die beste geure in ons na vore. Ons bid ook vandag vir almal wat hul ma's, oumas en vrouens verloor het, asook alle enkelpa's en ons ondersteun hulle. Maak ons ook bewus van almal wat nooit 'ma of moederfiguur geken het nie en stuur ons om hulle te ondersteun. Moedersdag beteken vir ons elkeen iets anders en ons bid dat U by elke persoon sal wees en ons sal gebruik soos sout in die wêreld sodat almal die liefde kan ervaar wat hulle nodig het. Amen
(Gebed uit DinkJeug)



PINKSTER 2025

Wanneer die verhaal van die beweging van Jesus vertel word, is die meeste van die fokus op die godsdienstige professionele persone. Maar wat as hul rol op sy beste gering is? Wat as die werklike verskil in die wêreld gemaak word, nie deur predikers nie, maar deur diegene wat ons prediking verduur, diegene wat stilweg die geheime boodskap van die Koninkryk van God uiteleef in hul daaglikse lewens in die laboratorium, klaskamer, kantoor, kajuit, parlement, kombuis, markvloer, fabriek en in ons buurt? Ons ondersoek dit hierdie jaar met Pinkster. Moet dit nie mis nie.

KOFFIE NA KERK

Ons het agtergekom ons lidmate wil eintlik nog 'n oomblik na die diens bly en bietjie kuier en daarom gaan daar koffie ook nà die diens beskikbaar wees in die voorportaal. Dalk moet jy wag vir die Kinderkleingroepe om klaar te maak of jy het 'n tiener by KruisConnect of jy het iemand net lanklaas gesien - ons nooi almal uit om nog 'n koffie te kry en bietjie langer te staan en gesels. Die lewe is so 'n gejaag, kom ons maak tyd, veral op Sondag, om dit rustiger te neem en by mense in te tjek.



AS ONS GEVRA WORD OM HULP

Ons het almal 'n behoefte om ander en mekaar te help. En dis goed en reg so. Ons wil egter ook op 'n volhoubare manier doen en dit vra dat ons deur sisteme werk wat in plek is juis vir daardie doel. Ons wil voorstel dat jy mense wat jou by die kerk stop en vra om hulp na die kerkkantoor sal stuur. Hier word hulle vertel van verskeie projekte en waar hulle kan gaan om gehelp te word.



GEMEENTE-TEE

Is jy nuut in die gemeente? Of dalk is jy al 'n hele tyd lank hier maar jy het behoefte om ander lidmate te ontmoet en saam te kuier?

Dan wil ons jou graag nooi na die geleentheid op **25 Mei** na die diens in die **boonste kerksaal**. Daar sal iets wees om te drink en te eet.

En as jy wag vir jou tiener om klaar te maak met KruisConnect, val sommer ook in en kuier saam.

DOPPIES

Baie dankie vir almal se ondersteuning met die insameling van plastiek doppies.

Ons gaan nie meer hierdie doppies in neem by die kerkkantoor nie. Klein Bois versamel steeds doppies so neem asb al julle doppies na hulle toe.



JAARLIKSE WYNVEILING

Of jy nou 'n ervare fynproewer of 'n passievolle versamelaar is, hierdie geleentheid belooft om 'n onvergeetlike aand van goeie wyn en lekker gesprekke te wees. Kom kuier saam met ons en die bekende Wicus van der Merwe.

Datum: 16 Mei 2025

Tyd: 18:00

Plek: Toringkerk Bo-Kerksaal

Kaartjies: R 180.00 per persoon

*Kaartjies beskikbaar by www.tkmarkietie.co.za
of by die kerkantoor*



WYNVEILING LOOTJIES

Staan 'n kans om 'n **5 liter rooiwyn** van Toringkerk se spesiale feesjaarwyn te wen **vir net R200**.

Gelukkige trekking vind plaas by die wynveiling, maar jy hoef nie daar te wees om deel te neem nie.

*Kaartjies beskikbaar by
www.tkmarkietie.co.za of by die
kerkantoor.*

WYNVEILING KAASBORDE

Nie lus vir 'snacks' inpak nie - Bestel 'n heerlike kaasbord vir die wynveiling.

Koste: R300 vir 2 persone

Bestellings sluit 14 Mei 2025.

*Kaartjies beskikbaar by
www.tkmarkietie.co.za of by die
kerkkantoor.*





dagboek


DIE DATUM




16 MEI WYNVEILING
TK Saal | 18:00



25 MEI GEMEENTE-TEE
TK Saal | 10:30



29 MEI HEMELVAART
Toringkerk | 18:30



2-5 JUN PINKSTER
TK Saal | 18:00



8 JUN PINKSTERFEES
Toringkerk | 09:30



22 JUN POPPEKAS
Toringkerk | 09:30

KUIER & KLETS

Ons volgende saamkuier is 'n musiekoggend **in die kerk**. Dit is **Maandag 12 Mei om 9.30**. Ons gaan luister na orrel en klavier musiek en ook 'n paar lekker FAK liedjies saamsing. Enigeen is welkom! Bring ook asseblief vriende saam om die oggend saam met ons te geniet. As jy kan bring 'n bordjie eetgoed saam. Tee en koffie sal voorsien word.



DIEP & VER PAK WEER KOSPAKKIES

Ons pak weer Woensdag 14 Mei, 18.30 in onderste saal.

As jy wonder waar om betrokke te raak, hierdie is 'n wonderlike projek. Baie dankie aan almal wat kan kom help. **Kontak vir Hannetjie vir meer inligting - 0836501860**

BELYDENIS GROEP 2025

Ons laat weet net dat dit baie goed gaan met ons belydenis groep hierdie jaar. Daar is so 60 Gr. 11's wat hierdie jaar deelneem aan die gesprekke. Ons is ook baie dankbaar vir ons mentors - Phil, Louis en Francois. Dis elke Dinsdag om 19:00 in die onderste saal.



You're invited to
DR ANDREW MURRAY'S 7TH ANNUAL

BLACK TIE DINNER & AUCTION

-In aid of Huis Andrew Murray Children's
Home Mentorship & Bursary Fund-

Saturday 17h30 for
7 JUNE '25 | 18H00

Franschhoek Cellar, Franschhoek

R10 000 PER TABLE OF 10
(R1000 PP)

Drinks on Arrival, 3 Course Meal,
Charity Auction & Live Music



DRESS CODE
ENCHANTED MASQUERADE

RSVP BY FRIDAY 16 MAY 2025

karen@andrewmurray.org.za
or 021 873 3834

HUIS ANDREW MURRAY
IS DIE KINDER- EN JEUGSORGSENTRUM IN WELLINGTON.
TORINGKERK IS BEVOORREG GENOEG OM
AL 'N HELE PAAR JAAR 'N PAD TE KAN STAP MET EEN VAN DIE
DOGTERSHUISE, HUIS ARISTEA.

Winter skoemboksprojek

Ons wil graag vir elke
Huis Aristea dogter'n skoemboks pak.

Indien jy kan help kontak

Elizmari

(0849987865)



BAIE GELUK met jou verjaarsdag!

11 Mei Beyers Jonker
11 Mei Eugene Louw
11 Mei Michau Olivier
11 Mei Hanneke Visser
11 Mei Thys Walters
12 Mei Julandie Hayes
12 Mei Marcus Liebenberg
12 Mei Lana Louw

13 Mei Liam Booysen
14 Mei Jacques Bresler
14 Mei Jannie Lamprecht
15 Mei Marieta Dyason
15 Mei Surette Gildenhuys
15 Mei Bosmann Slabber
15 Mei Christine Teichmann
16 Mei Karla Basson

16 Mei Martin Dyason
16 Mei Alucci Moller
16 Mei Wilna Weideman
17 Mei Lara Bester
17 Mei Ulrich Engelbrecht
17 Mei Mary Ann Franken
17 Mei Neve Isaacs
17 Mei Coelene Nelson



KINDERS & JEUG

KINDERKLEINGROEPE (5JR - GR.6)

Kinderkleingroepe - Ons kuier saam met Jesus in die woestyn van Judea

KRUISCONNECT (GR. 7-10)

KruisConnect kom hierdie Sondag bymekaar van na die diens tot 11:30.

TIENERKERK (GR. 7-12)

Tienerkerk is Dinsdag om 19:00 in die kerk.

DEURKOLLEKTE

DEURKOLLEKTE: GEMEENTE -ONDERSTEUNING

Die Gemeentehulpfonds verleen ondersteuning aan gemeentes wat finansiële probleme ondervind. Die fonds is bedoel om die geestelike bediening in stand te hou en nie vir kapitale werke of instandhouding van fisiese fasiliteite nie.

KALENDERBORG: MEI



9 New Street, Paarl, 7646 | Tel: 021 872 1346
sales@cathmar.co.za | www.cathmar.co.za

Sales and repairs of audio & video equipment. Installation and maintenance of DSTV & Streaming devices.

KONTAK ONS GERUS!

ONS WIL GRAAG GESELS!

LERAARS

Jana van den Munckhof | 083 948 4233 | jana@toringkerk.co.za

Peet Bester | 084 583 3454 | peet@toringkerk.co.za

JEUG

Stefan Smit | 074 232 0008 | jeug@toringkerk.co.za

TERREINKOÖRDINEERDER

Connie Jacobs | 071 295 9297 | info@toringkerk.co.za

KANTOOR

Anna-Marie le Roux | 021 872 6730 | info@toringkerk.co.za

ORRELIS

Mario Nell | 082 852 4536 | marionell2@gmail.com

AFLOSKOSTER

Neels Visser | 082 740 7353 | neels@toringkerk.co.za

TENTMAKER

Dawfre Theron | 082 899 3959 | dawfre@toringkerk.co.za

PROJEKKOÖRDINEERDER


Sumien Symington | 083 585 6570 | projek@toringkerk.co.za

FINANSIES

Annelie Dell | 021 872 6730 | finansies@toringkerk.co.za

TORINGKERK INLIGTING

Gebruik die QR kode hieronder om deel te raak van die Toringkerk Whatsapp gemeenskap en om die afkondigings op jou foon te kry.



OFFERGAWES

OFFERGAWES, MAANDELIKSE
BYDRAE EN TIENDES

TORINGKERK
ABSA
TAKKODE:
632 005
REK NR:
400 590 176



TORINGKERK ZAPPER

TK WHATSAPP

TORINGKERK WHATSAPP
GEMEENSAP

SLUIT AAN EN
BLY IN
KONTAK
METJOU
TORINGKERK
GEMEENSAP
VIA
WHATSAPP



TORINGKERK WHATSAPP
GROEP

Kontak gerus die kantoor indien jy nie die Toringkerk Nuus per epos of Whatsapp wil ontvang nie.